



Die Middelaar van die Verbond

In die brief aan die Hebreërs kom ons gedeeltes teë waarin daar sprake is van die Middelaar van die verbond, en daarmee word ons Here Jesus Christus aangedui.

Die woord vir 'verbond' (diathèkè) in die Nuwe Testament en ook in die brief aan die Hebreërs wys via die Septuaginta terug na die woord 'verbond' (berieḥ) in die Ou Testament.

Die woord diathèkè is 'n begrip met meer as een aspek, 'n term met 'n komplekse betekenis wat verskillende nuanses kan bevat, soos byvoorbeeld dié van 'verbondsbepaling' (Handelinge 7:8) en 'verbondsheil' (Romeine 11:27) en 'oorkonde met verbondsbepalings' (2 Korintiërs 3:14). Dikwels is die betekenis daarvan 'n kombinasie van twee of meer skakerings (sien Matteus 26:28; Lukas 1:72; Romeine 9:4; Efesiërs 2:12; Hebreërs 8:10).

Daar word ook in die Nuwe Testament baie sterk klem gelê op God se handeling in die verbond, die monopleuriese karakter daarvan, al word die mens se reaksie in hierdie verbond nie buite rekening gelaat nie.

Die uitdrukking 'Middelaar van die verbond' vind ons in Hebreërs 8:6, 9:15 en 12:24. Dit hou in dat die Here Jesus tussen God en die mens staan in hulle verbondsverhouding. Deur Hom, deur sy tussenkoms, deur sy persoon en werk kan die Heilige God Hom rig tot die sondige mens om hom sy genade en vrede aan te bied, onder die oproep om dit aan te neem en onder die bedreiging van die ewige straf indien dit afgewys sou word. Ook mag die verbondskind deur Christus, in sy Naam en op grond van sy priesterlike offerwerk (sien Hebreërs 8:1 e.v.), tot sy God gaan om barmhartigheid te ontvang, genade te vind en hulp te verkry indien nodig (Hebreërs 4:16). So is daar verbondsomgang tussen God en sy volk in en deur Jesus Christus. Hy het die vloek op Hom geneem sodat God se toorn versoen sou word en ons geseën sou kon word. Daarom kom die HERE God ook in genade tot ons sondaars met sy beloftes. Die beloftes is gekleur en onderteken met die soenbloed van Jesus. Deur die koms en werk van die Here Jesus is die hele verbond nou beter, hegter, vaster, meer gelaai as in die tyd van die Ou Testament. Daarom word daar in die brief aan die Hebreërs ook telkens gepraat van 'n beter verbond, waarvan die regsrag op beter beloftes berus. In verband met die hoëpriesterlike bloeditgieting is die verbondsbeloftes volgens Hebreërs 8:6 nou veel 'sterker'. Volgens Hebreërs 9:15 is die verbondsroeping eweneens 'sterker', en volgens Hebreërs 12:24 nou ook die verbondsbedreiging. Ons sou ook nog op Hebreërs 10:29 kon wys, waar daar staan:

'...hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het?'

In Jesus Christus, die Middelaar van hierdie beter verbond, lê die beloftes, die oproepe en die bedreigings van die HERE God in hulle volle krag by ons op die tafel.

So staan Christus in die middel van die verbondsverhouding tussen die heilige God en die sondige mens. Dit is Hy in Wie God se versoening na ons uitgaan, wat die bediening van die versoening laat opklink en ons daardeur vermaan: laat julle met God versoen (2 Korintiërs 5:18). Paulus skryf dan ook aan Timoteus:

'Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuigenis op die regte tyd.'

(1 Timoteus 2:5 e.v.)

Alle verbondsgoedere is geteken met Jesus se bloed en kom deur Hom na ons toe in die vorm van beloftes wat in alle sekerheid geanker is. Iemand wat die beloftes en die heil daarin verwerp, maak homself skuldig aan Jesus se bloed en beskou daardie bloed as onrein! Wie die beloftes aanneem, verkry ontwyfelbaar deel aan die ganse heil van God se verbond. Daarvoor staan die Middelaar borg. Daar is dan ook geen toegang tot hierdie verbondsheil as slegs deur Jesus Christus nie! Daar is ook geen bemoeienis van God met die sondige bondelinge as om en in en deur Jesus, ons Here nie. Niemand kan ook waaragtig deel hê aan God se verbondsontferming behalwe om en in en deur Jesus, ons Heiland nie. Op hierdie manier is Hy die Middelaar van die verbond van genade. Dit is die unieke plek wat die Here Jesus Christus volgens ons Bybel beklee!

T Brien

© 2018

www.christelikemedia.org

Hierdie artikel is deur Lize Kampman vertaal.